Stella straat

Eksodus 16:1-16

"Die dag toe die woestyn oortrek is met fyn vlokkies wat soos ryp lyk"

Tuis-Adoramus 20 September 2020

– geskryf deur Anton Pienaar

Tema: "Die dag toe die woestyn oortrek is met fyn vlokkies wat soos ryp lyk"
Teks: Eksodus 16:1-16

Liewe Adoramusvriende,

Ons nooi jou om tyd opsy te sit om hierdie tuis-adoramus alleen of saam met ander te doen. Berei net eers voor om die musiek wat hier voorgestel word, te kan luister wanneer jy daar kom.

Groete,
Willem, Anton, Tienie en Fay

Die dag toe die woestyn oortrek is met fyn vlokkies wat soos ryp lyk. Die ou verhale wat in Israel se vroeë bestaan ontstaan het, is aangrypend mooi. Soos die keer wat die Israeliete uit moedeloosheid en van honger begin murmureer het in die woestyn. Die belofte van 'n nuwe en vry lewe was besig om te verdor. En toe kom die Here se voorsiening in die vorm van kwartels wat aangevlieg kom en brood wat lyk soos fyn vlokkies ryp.

Ons dink na oor versorging. Hemelse versorging. Dit wat ons nie kan maak nie, maar ons aanvaar dit so vanselfsprekend.

Word vir so 'n minuut of wat stil en lees dan Eksodus 16:1-16. Probeer telkens om die detail van die verhaal te visualiseer.

Om die verhaal nog sterkter te ervaar, kyk gerus die Youtube video van *Ben Batalla & Cathedral by the Vigil Project*. Volg die skakel hieronder.

https://www.youtube.com/watch?v=53JRQaIojtE

Kom ons skuif die beelde in ons kop na die etenstafel in ons huis. Sien jy die ooreenkomste tussen die kwartels en die manna van die woestyn met die kos wat op jou tafel is? Wat is die ooreenkomste?

Dit is gepas om nou stilte in te gaan. Kom ons word stil vir 8-10 minute. Elke keer as jou gedagtes begin dwaal kan jy doodeenvoudig aan 'n gewone maaltyd op jou tafel dink. Dalk kan jy visualiseer dat daar hande onder die voedsel is wat dit vir jou aangee.

Ons sou nie anders kan as om na die Taizé-lied van Jacques Berthier, *Eat this Bread,* te luister nie. In die lied se woorde is die Here se hande ook teenwoordig.

https://www.youtube.com/watch?v=x_QTrePmuLg

Ons kan Tuis-Adoramus afsluit met 'n pragtige stuk poësie. Ilse van Staden se gedig *Psalm* is 'n moderne menslike ode aan die Here se versorging.

psalm

omdat sy my liefhet, sê God,
daarom sal ek haar beker laat oorloop met woorde,
daarom sal ek die olie van voldoening en die wyn
laat drup oor die rande van haar drome
en die kante liggies raak soos porselein,
daarom sal ek die room en die skuim laat oorstoot en vloei
in die pierings van haar hande, uitgestrek
soos bedelbriewe of vlerke
om haar knielende knieë sal ek
my oorvloedigheid laat poel
sodat sy haarself kan sien
van aangesig tot aangesig in my oormaat gespieël